

## Sing vooraf: Psalm 34:6 (p. 167)

- 6 Kom kinders, hoor na my! / Die HEER se vrees wil ek jul leer.  
Wie is 't wat lewensduur begeer / en dae wat hom verbly?  
Laat tong en lippe vra / na waarheid, en ontwyk die kwaad;  
soek wat God wil: die regte daad, / en jaag die vrede na.

*Kom ons begin hierdie ontmoeting met God deur openlik teenoor mekaar en teenoor God te verklaar:*

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

## Skrifberyming 2-4:1 (33:1)

- 1 Wat 'n liefde en volheidslewe, / waar ons bly ons in beroem,  
het die Vader ons gegewe / dat Hy ons sy kinders noem!  
Maar die wêreld weet van dé / wat uit God gebore is, nie,  
het die kennis van die Heer nie / as hul hoogste goed begeer nie.

## Gebed

- **Doksologie:**
- **Aanbidding:**
- **Skuldbelydenis:**
- **Vergifnis:**
- **Dank:**
- **Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God**
- **Algemene bede:**
- **Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:**

**Amen.**

## Psalm 4:1 (p. 13)

- 1 Verhoor my, HEER, in donker dae, / God van my reg, send troos vir my!  
U wat my voer uit hinderlae, / hoor my uit vrye welbehae.  
O manne wat my nou bestry, / hoe lank nog word in teënhede  
my eer in skande omgekeer? / Hoe lank is jul met nietighede,  
met ydelheid en wind tevrede? / Word leuentaal deur jul begeer?

## Skriflesing: Romeine 7

Teks: Romeine 7:7; 1 Konings 3:10-11; Kategismus Sondag 44

**Wat sal ons dan sê? Is die wet sonde? Nee, stellig nie! Inteendeel, ek sou die sonde nie anders as deur die wet geken het nie; want ek sou ook die begeerlikheid nie geken het nie as die wet nie gesê het: Jy mag nie begeer nie. (Romeine 7:7 AFR1953)**

**En dit was goed in die oë van die Here dat Salomo dit begeer het. En God het vir hom gesê: Omdat jy hierdie versoek gedoen het en nie vir jou 'n lang lewe begeer het en nie vir jou rykdom begeer het en nie die lewe van jou vyande begeer het nie, maar vir jou verstand begeer het om regsake te verhoor, (1 Konings 3:10-11 AFR53)**

Begeertes! Wie van ons ken werklik ons eie hart?! As ons ons eie begeertes nie eers altyd verstaan en kan beheer nie, hoe sal ons nog die begeertes van iemand anders kan verstaan?

Met die verbod om te begeer, het ons te doen met die wortel van alle sondes – die plek waar enige sonde begin, is die begeerte om dit te doen!

In die Romeinebrief is 'n man aan die woord wat 'n wetsgeleerde is – Paulus. Hy het sy kennis van die Tien Gebooe by Gamaliël geleer.

- Tog het hy so min van die wet verstaan dat hy in vers 7 sê dat hy sonder die wet was!
- Dis nou iets om bely te word deur iemand wat dan juis van beter moes geweet het!

Wat soek die Here in my as Hy in my hart inkyk?

- Hy soek waarheid en reinheid.
- Wat kry Hy? Sonde!

Daarom eindig die Here sy gebooe met hierdie laaste gebod:

**En jy mag nie jou naaste se vrou begeer nie; en jy mag nie na jou naaste se huis hunker nie -na sy landerye of sy dienskneg of sy diensmaagd, sy os of sy esel of iets wat van jou naaste is nie.** (Deuteronomium 5:21 AFR1953)

Ons mag nie begeer nie!

Ons menslike denke en waardes is baie keer baie vlak. Ons besef nie dat al die gebooe by die Here ewe veel waarde het en dat die Here oor almal van hulle ewe ernstig is nie. Ons dink byvoorbeeld dat iemand wat nie 'n moord gepleeg het nie en iemand wat nie bakleierig is nie of wat nie loop en vloek en skel nie, 'n goeie mens is!

Maar die sondes wat op 'n meer geestelike vlak lê, oordeel ons dikwels nie met dieselfde felheid nie.

- Daar is dinge wat in ons denkpatroon verkeerd is.
- Sekere dinge gaan net by ons verby, maar die Here kyk anders na dinge as ons!

*Iemand wat nie liefhet nie (of nie die vermoë het om liefde te ontvang of te gee nie) en iemand wat dinge begeer wat nie syne is nie, of wat hy nie mag doen nie, is by die Here net so skuldig as iemand wat gemoor het.*

Paulus het ook aan die begin nie die dinge verstaan nie. Totdat daar iets dramaties met hom gebeur het! Die Here het hom tot bekering gebring. God die Heilige Gees het in sy hart en in sy verstand 'n verandering bewerk:

- Hy het hom laat verstaan dat daar groot fout is as mens dinge begeer en doen wat jy nie moet nie!
- Begeerte is 'n baie vleeslike ding wat nie deel is van die geestelike beeld van die Here wat ons dra nie!

Daarom skryf hy dit neer:

**Want ons weet dat die wet geestelik is, maar ek is vleeslik, verkoop onder die sonde.** (Romeine 7:14 AFR1953)

Dis nogal 'n skrikwekkende ding as ons agterkom dat ons begeertetjies en allerhande luste wat ons het na verbode dinge, in die oë van die Here sonde is.

Begeerte is natuurlik 'n ding wat altyd teen iets anders afgeweeë word. Meestal is dit iets wat jy wil hê wat die Here nie vir jou gegee het nie.

Voorbeelde uit die Bybel:

- Absalom begeer sy pa se troon.
- Dawid wat reeds ses vrouens het, maar hy 1 Konings 3:10-11 begeer ook Uria se vrou.

- Agab begeer Nabot se wingerd.
- Net so het Simon die towenaar na sy bekering op 'n verkeerde manier die kragte van die Heilige Gees begeer:

**En toe Simon sien dat deur die handoplegging van die apostels die Heilige Gees gegee word, het hy hulle geld aangebied en gesê: Gee aan my ook hierdie mag, sodat elkeen wat ek die hande oplê, die Heilige Gees kan ontvang.”** (Handelinge 8:18-19 AFR1953)

Begeertes is natuurlik ook goed en reg as ons ons begeertes op die Here rig!

- Ons moet begeer om met die Heilige Gees vervul te wees.
- Ons moet begeer dat die Here ons in alle opsigte beskerm.

Maar dis nie daardie soort van begeertes wat die Here in die tiende gebod in gedagte het nie.

- Die soort van begeer wat Hy verbied, is daardie begeertes wat teen die Here se eer en teen sy wil vasskop.
- Dis 'n lus om dinge te wil hê wat die Here nie vir jou beskik het nie.

Hierdie gebod eis dus van ons 'n bepaalde heroriëntering van ons sondige manier van dink en doen.

- Die hele wet – maar dan in die besonder hierdie gebod – vereis 'n lewe van bekering.
- As 'n mens nie aan hierdie gebod ernstige aandag gee nie, draai jy in sondes vas.

Daar is nie iets soos 'n heilige en verlose mens wat nie sonde doen nie. Kyk maar na al die heiliges soos wat die Bybel van hulle aan ons openbaar:

- Jesaja noem homself 'n onreine.
- Noag gaan drink homself dronk.
- Dawid loop met 'n boetekleed rond.
- Lot pleeg bloedskande.
- Jakob raak moedeloos en gryp vooruit in die seën van die Here.
- Moses het driftig geword toe hy sagmoedig moes bly.
- Petrus verloën die Here Jesus.

So sou ons die lysie al hoe langer kon maak.

Die punt is net dat ons almal sondaars bly tot aan die einde van ons lewe. Ons moet maar almal met skaamte bely dat ons tot op ons laaste dag onvolmaak is.

As die Here nie aan ons sou aandag gee nie, sou ons dus net al hoe verder ingly in die verkeerde dinge wat ons begeer.

- Die wet van die Here is dus sy volmaakte eis – al is ons nakoming daarvan altyd onvolmaak.
- Daarom gebruik die Here sy wet as 'n spieël waarin ons onself kan sien soos ons is.

Waarom moet ek myself sien in my sondes?

- Omdat daardie beeld my bring tot op 'n punt waar ek voor die Here my skuld bely.
- Die wet leer my ook wat ek graag wil wees – hoe ek dus wil lyk as ek 'n bekeerde mens is wat die Here in gehoorsaamheid dien.
- Hierdie gebreke beeld wat ek van myself sien, bring my sover dat ek gaan bid en by die Here verlossing gaan soek.

'n Mens wat daardie punt bereik het, ontdek in homself 'n dors na verlossing.

Daar kom 'n begeerte in my tot stand wat maak dat ek die volmaakte wil probeer nastreef.

- Vanself dryf dit my na die Here Jesus toe

- Deur sy verdienste werk sy Heilige Gees die verstaan en die wil in my om goeie dinge te doen.
- Sy Gees werk die begeerte om die Here te dien soos wat Hy dit wil hê.
- Sy Gees troos my wanneer ek deur my verkeerde begeertes weggelei word van die Here af –
  - enersyds met bekering en terugkeer na die goeie toe,
  - maar ook met die diep besef van die Here Jesus se genade dat Hy my my sondes vergewe.

Kom ons lees saam wat ons hieroor bely in die Heidelbergse Kategismus Sondag 44:

**Vraag 113: Wat eis die tiende gebod van ons?**

**Antwoord:** *Selfs die geringste begeerte of gedagte teen enige gebod van God mag nooit in ons hart opkom nie. Ons moet altyd en heelhartig vyande van alle sonde wees en 'n begeerte tot alle geregtigheid hê (a).*

(a) Rom 7:7.

**Vraag 114: Maar kan die wat tot God bekeer is, hierdie gebooie volmaak gehoorsaam?**

**Antwoord:** *Nee, want selfs die allerheiligstes het, solank hulle in hierdie lewe is, nog maar 'n geringe begin van hierdie gehoorsaamheid (a), maar tog so dat hulle met 'n ernstige voorneme begin om nie alleen volgens sommige nie, maar volgens al die gebooie van God te lewe (b).*

(a) 1 Joh 1:8; Rom 7:14, 15; Pred 7:20; 1 Kor 13:9. (b) Rom 7:22; Ps 1:2.

**Vraag 115: Waarom laat God die Tien Gebooie dan so streng aan ons voorhou as niemand dit tog in hierdie lewe kan onderhou nie?**

**Antwoord:** *Ten eerste sodat ons gedurende ons hele lewe ons sondige natuur hoe langer hoe beter kan leer ken (a), en met groter verlange na die vergewing van sondes en na die geregtigheid in Christus kan soek (b). Ten tweede moet ons ons sonder ophou beywer en God om die genade van die Heilige Gees bid, sodat ons altyd meer en meer na die ewebeeld van God vernuwe mag word totdat ons na hierdie lewe die volmaaktheid as doel bereik (c).*

(a) Rom 3:20; 1 Joh 1:9; Ps 32:5. (b) Matt 5:6; Rom 7:24, 25. (c) 1 Kor 9:24; Fil 3:12-14.

**Amen**

Slotgebed

Slotpsalm 84:1 (p. 424)

- 1 Hoe lieflik is u wonings, HEER / der leërskaal! Hoe begeer my siel en hunker van verlange / om na Gods woning op te gaan en in u tempelpoort te staan / met jubelende lofgesange. My hart en vlees, o God, roep luid / tot U wat leef, verlangend uit.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

**Amen.**

Dr MJ du Plessis  
Gereformeerde Kerk Bellville  
Datum : 14 September 2008